Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

**Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 2012-07-05 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen**

**1. Opening en verwelkoming**:
Tinus Erasmus verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**
Francois Malan lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**
**3.1** Riaan van Brakel is oorlede na sy helikopter ongeluk.
**3.2** Jacques du Toit word sterkte toegewens na sy oor operasie.

**4. Verjaarsdae :**
Tinus Erasmus wens almal geluk wat gedurende die afgelope maand verjaar het.

**5. Teenwoordig:**

**5.1 Soos per presensie lys.**

**6. Verskonings:**

Leon Whitehead

Hansie Botha

**7. Vorige notule:**
Die vorige notule word aanvaar. Johnny Rech voorsteller en Chris Venter sekondant.

**8. Finansies & Administrasie:**
Finansiële verslag word voorgelê:

| | |
|---|---|
| **Spaarrekening Saldo (kroeg)** | R 21 114-00 |
| **BJV Spaarrekening** | R 44 512-38 |
| **BJV Tjekrekening** | R 3 860-42 |
| **Kontant op hand** | nul |

**9. Nuwe Lede & Toegewyde Status**

**9.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | |
|---|---|---|
| **9.1.1** | Andre Stephanus (Steve) Allison | Goedgekeur |
| **9.1.2** | Stefanus Jacobus (Stefan)Strydom | Voorwaardelik goedgekeur betaling |
| **9.1.3** | Jacques Stander | Goedgekeur |
| | | |

**9.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | |
|---|---|---|
| **9.2.1** | Elrisa du Toit | Goedgekeur |
| **9.2.2** | Dawie Venter | Goedgekeur |

**10. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:
Word bespreek en afgehandel onder die onderskeie punte soos op die agenda.

**11. Klubhuis & Skietbaangronde:**

**11.1 Arbeid :**
Geen.

**11.2 Klubhuis :**

**11.2.1** **Hek:** Die gate is gegrawe vir die plant van die pale om die hek op te rig. Hansie Botha en Alf Wandrag gee aandag daaraan.

**11.2.2** Etienne Sales sal met Wynand Horak opvolg oor die kwotasie.

**11.2.3.** **Teëls vir storte :** Deon Davel sal reël vir die lê van die teëls van die storte. Die riool is afgehandel.

**12. Skietbaan :**

**12.1 Uitbreiding van 100 m skietpunt :**

Werk op die 100 m skietpunt is vir eers gestaak, totdat die materiaal op die perseel is. Die bouers sal dan voortgaan. Giam Fourie moet terugvoer gee oor die bankies en die struktuur.

**12.2 Boompies op 200 m :**

Chris Venter gee terugvoer dat die plant van die boompies sowel as die skadunet sal moet oorstaan tot na die groepering skietdag.

**12.3 Skadunet :**

Staan oor tot na die groepering skietdag.

**12.4 Teiken staanders :**

Die punt word onder almal se aandag gebring. Die gevoel is dat die teikens op die 100 m se toestand sodanig is dat dit vervang of herstel moet word. Chris Venter stel voor dat trekker band vol grond op die 25 m en die 50 m afstande gesit moet word as teiken staanders.

Die voorstel word aanvaar en C Venter sal daaraan aandag gee.

**12.5 Kroeg :**

Tinus Erasmus rapporteer dat alles in die kroeg goed verloop. Daar is egter 'n dringende behoefte vir nog hulp in die kroeg.

**13. Skietdae :**

**13.1 Groepering skietdag – 29 September 2012:**

**13.1.1** Video op "You Tube" is gelaai en dit werk goed. Positiewe terugvoer word ontvang vanaf lede.

**13.1.2** Vorige notule 13.1.2 tot 13.1.9 staan oor na die volgende vergadering aangesien nie Chris de Wet of Hansie Botha by die vergadering teenwoordig is nie.

**13.2 Ghong en Boog - 7 Julie 2012 :**

**13.2.1 Ghong :**

Johnny Rech is in beheer en T Erasmus en C Olivier sal optree as baan offisiere.

**13.2.2 Teikens :**

4 x Springbok, 4 x Rooibok en 4 x Vlakvark teikens moet geplak word.

**13.2.3 Opstel van baan :**

J Rech lig die vergadering in dat die baan op dieselfde wyse opgestel sal word as vir die intertak skiet dag en dat hy graag 'n span sal wil inskryf om die tak te verteenwoordig.

**13.2.4 Boogskiet :**
Leon Whitehead is in beheer en sal die nodige reëlings tref.

**14. Opleiding :**

**14.1** Die junior kursus te Musina is bevestig. Belinda moet gedurende die derde week in Julie die sms uitstuur aan al die junior kursus gangers om hul plek te bespreek en te betaal. Kostes R 1 000-00 per kind.

**14.2** Instrukteurs wat met Junior 1 betrokke was, sal voorkeur kry om Junior 2 aan te bied. Indien daar dan 'n tekort is sal ander instrukteurs genader word.

**15. Kleiduif :**
Geen verslag.

**16. Boogjag :**
Geen verslag.

**17. Handwapenjag :**
Geen verslag.

**18. Buskruit :**
Staan oor tot volgende vergadering.

**19. Windbuks :**
19.1 Staan oor tot volgende vergadering.
19.2 Stephan Fourie onderneem om die opstel van 'n windbuksbaan te ondersoek en terugvoer te gee met volgende vergadering.

**20. Jaggeleenthede :**

**20.1** Daar is jaggeleenthede op die web geadverteer.

**20.2** Aansteekbord; Die aankoop van die bord – nog uitstaande. Johnny Rech onderneem om 'n raam te verskaf vir die bord.

**21. Redaksie / Publikasies en Pers :**

**21.1** Bosman Kruger sal aandag gee en die boeke aankoop.

**22. Wildsete :**

**22.1** Hansie Botha het voorgestel dat die BJV self die ete hanteer. Die skousaal kan daarvoor gebruik word en dan kan die klub die kroeg self hanteer.
Huur van 'n restaurant werk baie duur uit en geen wins word gemaak nie.
Die voorstel word algemeen aanvaar.

**22.2** Leon Whitehead het laat weet dat hy 10 kg Leeu filette sal skenk. Beroep word op almal gedoen om nog vleis te skenk.

**23. Uitvoerende vergadering :**
Geen insette nie.

**24. Fondsinsamelings:**
**24.1 Advertensieborde :**
Rachelle is besig met nuwe advertensieborde. Staan oor tot volgende vergadering.

**25. Algemeen :**
**25.1 Bestuursjagnaweek:**
Daar is slegs 'n paar plekke oor. 27-29 Julie 2012, kontak Belinda vir navraag.
**25.2 Young Guides :**
Sal met Deon Prinsloo kontak, terugvoer met volgende vergadering.

*Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 2 Augustus 2012** om **18:00** by die **Klubhuis.***

..........................................
Voorsitter